HSAG

*ENGLISH TEXT BELOW*

**HSAG NUUSFLITS AUGUSTUS 2026.7**

**WAT KAN DIE SPRINGBOKKE ONS OOR DIE HSAG LEER?**

Geagte HSAG-lid

**INLEIDING**

Suid-Afrikaners het die afgelope twee weke iets merkwaardigs gesien.

Een week die teleurstelling van ’n nederlaag. Kort daarna dieselfde Springbokke, dieselfde groen-en-goud en grootliks dieselfde spelers – maar ’n heel ander resultaat.

Wat het verander?

Nie die doelwit nie. Nie die span se geskiedenis nie. Ook nie die feit dat daar geweldige druk was nie.

Wat verander het, was wat op die kritieke oomblik gebeur het: aanpassing, samewerking, uitvoering en ’n span wat saamgetrek het toe dit nodig was.

Litigasie is natuurlik nie rugby nie.

Maar vir die HSAG is daar ’n belangrike les daarin.

Ons staan ook op ’n kritieke punt waar dit nie meer genoeg is om te vra hoe ver ons reeds gekom het nie.

Die vraag is: wat doen ons nou met die geleentheid wat voor ons staan?

**DIE WEDSTRYD IS NOG NIE VERBY NIE**

Die HSAG het reeds voorlopige likwidasiebevele teen Orthotouch en Zephan verkry.

Dit is belangrik, maar dit is nie die eindfluitjie nie.

Die volgende doelwit is om die proses na finaliteit te neem en, indien finale likwidasiebevele toegestaan word, die weg oop te maak vir onafhanklike likwidateurs om die maatskappye se sake statutêr te administreer en ondersoek.

Dit kan ondersoeke na boeke, rekords, transaksies, bates, eise en moontlike verhalings insluit.

Geen verantwoordelike regspan kan waarborg wat uiteindelik verhaal sal word nie.

Maar ’n span wat naby die doellyn kom, hou nie op speel omdat die eindresultaat nog nie gewaarborg is nie

Juis dan maak uitvoering saak.

**MOMENTUM KAN VINNIG VERANDER**

Die Springbokke het ook iets anders gewys: momentum is nie permanent nie

Dit kan verloor word. Dit kan ook teruggewen word.

Dieselfde geld vir langlopende litigasie.

Elke nuwe uitstel, aansoek en prosedurele hindernis kos tyd, geld en energie. Hoe langer sake sloer, hoe moeiliker kan dokumente, getuienis en moontlike verhalings ook word om na te spoor.

Daarom is sukses op hierdie stadium so belangrik.

Nie omdat een hofbevel alles gaan oplos nie, maar omdat elke betekenisvolle resultaat die HSAG nader bring aan die stadium waar ondersoek en moontlike verhaal behoorlik kan plaasvind.

**MAAK EEN SPELER ’N VERSKIL?**

Beslis.

Rugby word deur ’n span gewen, maar elke speler moet sy posisie inneem

Dieselfde beginsel geld vir die HSAG.

Dit is maklik vir een lid tussen duisende om te dink: “My bydrae kan tog nie ’n verskil maak nie.”

Maar dink hieraan:

Indien een lid sewe jaar se agterstallige jaarlikse opvragings betaal, maak daardie enkele betaling reeds ’n betekenisvolle verskil.

Indien tien dit doen, is die effek groter.

Indien honderd dit doen, verander die prentjie dramaties.

Dit is die ekonomie van skaal waarop groepsgedinge berus.

Min individue kan litigasie van hierdie omvang alleen bekostig. Saam kan duisende mense egter ’n regsproses ondersteun wat vir die individu eenvoudig buite bereik sou wees.

**DIE HSAG SE “SPAN”**

Nie elke HSAG-lid het dieselfde belegging, finansiële vermoë of persoonlike omstandighede nie

Samewerking beteken dus nie dat almal presies dieselfde moet doen nie.

Dit beteken dat elkeen wat deel van die span wil bly, sy of haar redelike deel doen.

Die regspan moet voorberei en argumenteer.

Die Bestuur moet moeilike besluite neem.

Die administrasie moet funksioneer.

En die ondersteunende lede maak dit alles moontlik.

Geen enkele deel kan die ander vervang nie.

**SLOTGEDAGTE**

Die Springbokke se onlangse ommeswaai herinner ons aan iets wat maklik vergeet word wanneer 'n stryd lank duur:

Gister se terugslag bepaal nie noodwendig môre se uitslag nie.

Maar môre se uitslag gebeur ook nie vanself nie.

Dit verg voorbereiding, ondersteuning, uitvoering en mense wat bereid is om saam te staan wanneer die druk die grootste is.

Die HSAG staan nou by só 'n oomblik.

Ons het reeds ver gekom. Die wedstryd is egter nog nie verby nie.

En juis wanneer die doellyn nader kom, het 'n span elke speler nodig.

Elke lid maak 'n verskil.

Elke bydrae versterk die span.

Ons sterkte lê steeds in ons eenheid

**HSAG NUUSFLITS AUGUSTUS 2026.8**

**DIE AFSNYDATUM: IS DIE SKRIF TEEN DIE MUUR?**

Geagte HSAG-lid

**INLEIDING**

Die uitdrukking “die skrif is teen die muur” het op hierdie kritieke stadium vir die HSAG 'n interessante dubbele betekenis.

Aan die een kant is daar die vraag wat elke lid vir hom- of haarself moet beantwoord: wil ek steeds deel wees van die groep wat die pad vorentoe saamstap?

Aan die ander kant staan Orthotouch en Zephan reeds onder voorlopige likwidasiebevele. Vir die partye wat finale likwidasie teenstaan, kan die skrif dus óók teen die muur wees.

Die komende afsnydatum gaan help bepaal hoe sterk die HSAG die volgende fase kan aanpak.

Wat die uiteindelike antwoord sal wees, sal eers ná afloop van die afsnyperiode duidelik word.

Een beginsel staan egter soos ’n paal bo water: die ekonomie van skaal werk.

**DIE SKRIF VIR DIE HSAG-LID**

Die afsnydatum is nie bloot ’n administratiewe datum of ’n rekeningkundige oefening nie.

Dit gaan oor wie die volgende fase wil saamstap.

Die HSAG moet weet hoe groot die werklike ondersteuningsbasis is, watter hulpbronne beskikbaar is en watter toekomstige verpligtinge verantwoordelik aangegaan kan word.

Vir lede wat besluit om nie hul posisie te regulariseer of verder deel te neem nie, kan die afsnydatum dus ’n werklike keerpunt wees.

Dit is nie bedoel as ’n dreigement nie. Dit is die praktiese werklikheid van kollektiewe litigasie: die proses moet op ’n stadium gevoer word namens en met die ondersteuning van die groep wat dit werklik dra.

**DIE SKRIF VIR ONS OPPONENTE**

Maar daar is ook ’n tweede betekenis.

Na jare se litigasie staan Orthotouch en Zephan nie meer bloot voor die moontlikheid van likwidasie nie. Voorlopige likwidasiebevele is reeds toegestaan.

Die volgende belangrike vraag is of daardie bevele finaal gemaak sal word.

Indien finale bevele toegestaan word, kan die proses beweeg na die statutêre administrasie en ondersoek van die maatskappye se sake deur onafhanklike likwidateurs.

Dit kan die ondersoek van boeke, rekords, transaksies, bates, eise en moontlike verhalings insluit.

Dit is waarom hierdie stadium vir beide kante belangrik is.

Vir die HSAG is dit ’n geleentheid om vorentoe te beweeg.

Vir diegene wat finale likwidasie teenstaan, kan dit ’n beslissende keerpunt wees.

**DIE KRAG VAN GETALLE**

Komplekse litigasie op hierdie vlak is duur.

Advokate, prokureurs, hofstukke, navorsing, voorbereiding, reis en hofverskynings bring aansienlike koste mee.

Min individuele beleggers kan dit alleen bekostig. Vir die oorgrote meerderheid sou dit eenvoudig nie ekonomies haalbaar wees nie.

Wanneer ’n groot groep egter ’n gemeenskaplike belang nastreef en die koste deel, verander die ekonomie dramaties.

Dit is die kern van die HSAG-model.

Nie dat litigasie goedkoop is nie, maar dat die koste daarvan deur ekonomie van skaal hanteerbaar gemaak kan word.

**EEN PRAKTIESE VOORBEELD**

Die huidige hofverrigtinge illustreer dit treffend.

Die Hof het bepaal dat die partye die verrigtinge persoonlik in Bloemfontein moet bywoon.

Vliegtuig- en verblyfkoste alleen vir die nodige bywoning is ongeveer gelykstaande aan sewe jaar se gewone opvragings van ’n enkele HSAG-lid.

Een noodsaaklike gebeurtenis kan dus uitgawes meebring wat vir ’n enkele lid jare se gewone bydraes verteenwoordig.

Omgekeerd: indien een lid sewe jaar se agterstallige jaarlikse opvragings vereffen, maak selfs daardie enkele betaling reeds ’n betekenisvolle verskil.

Wanneer tientalle of honderde dieselfde doen, word die krag van die groep duidelik.

**DIE KEERKANT VAN SKAAL**

Ekonomie van skaal werk ongelukkig ook in die teenoorgestelde rigting.

Hoe kleiner die groep ondersteunende lede word, hoe groter word die potensiële las op diegene wat oorbly.

Die litigasie word nie noodwendig goedkoper omdat minder mense bydra nie.

Dit is waarom die afsnydatum ’n tweesnydende swaard is.

Dit bring duidelikheid oor wie voortgaan, maar bepaal terselfdertyd hoe sterk die groep is waarmee die volgende fase aangepak kan word.

**SLOTGEDAGTE**

Is die skrif teen die muur?

Miskien is dit die verkeerde vraag.

Die beter vraag is: vir wie?

Vir lede is hierdie 'n tyd om te besluit of hulle deel wil bly van die groep wat die volgende fase aanpak.

Vir Orthotouch en Zephan is die regsposisie ewe betekenisvol: voorlopige likwidasiebevele bestaan reeds en die vraag na finaliteit lê voor.

Die twee paaie ontmoet nou op 'n kritieke punt.

Die HSAG moet sterk genoeg wees om die geleentheid waarvoor sy lede so lank gewerk en bygedra het, behoorlik te benut.

Hoe groter die groep wat saamstaan, hoe verder kan elke individuele bydrae strek.

Die skrif mag teen die muur wees.

Maar dit is wat volgende geskryf word wat nou saak maak.

Ons sterkte lê steeds in ons eenheid.

**BELANGRIK: GEBRUIK VAN DIE KORREKTE REKENINGNOMMERS EN VERWYSINGS**

Rekwisisies moet deur lede in die korrekte rekeninge betaal word, met die korrekte verwysingsnommer duidelik aangedui. Die tyd, moeite en administrasie wat dit die HSAG se regspan kos om foutiewe betalings op te spoor en reg te stel, verhoog die koste van die HSAG-saak onnodig.

Rekeningnommers en verwysings word op elke staat aangedui. Ons versoek lede daarom om hul state noukeurig na te gaan wanneer betalings gemaak word.

**BELANGRIK: GEBRUIK VAN DIE KORREKTE E-POSADRESSE**

Die korrekte gebruik van e-posadresse, soos uiteengesit op ons webwerf en in ons korrespondensie, asook die vermelding van HSAG-lede se voorletters en vanne, sindikasienommers en toepaslike verwysingsnommers, soos identiteitsnommers, is vir alle kommunikasie noodsaaklik.

Versuim om die korrekte besonderhede te gebruik, kan tot onnodige vertragings lei en kan veroorsaak dat 'n navraag nie betyds of behoorlik hanteer word nie.

Die amptelike en huidige e-posadresse vir die HSAG is:

- **hsactiongroup@gmail.com** - vir alle algemene navrae, byvoorbeeld verandering van kontakbesonderhede, bewys van betalings, afsterwe van 'n lid, betalings wat verkeerdelik aan die HSAG gemaak is en verkeerde verwysings;

- **hsagenquiries@gmail.com** - vir spesifieke navrae, byvoorbeeld versoeke om inligting of state rakende 'n spesifieke lid, asook vrystellingsnavrae;

- hsagregister@gmail.com - vir registrasie en deregistrasie van HSAG-lede;
- hsagwhistle@gmail.com - vir alle vertroulike inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word; en
- hsagestates@gmail.com - vir alle boedelverwante navrae.

Die amptelike en huidige e-posadresse vir CCAF, die HS21- en HS22-gesertifiseerde klasaksie, is:

- accounts@ccaf.co.za - vir bewys van betalings en verkeerde verwysings op bewys van betalings;
- admin@ccaf.co.za - vir die amptelike versoekvorm om registrasiefooie oor ses maande te betaal en vir betalings wat verkeerdelik aan CCAF gemaak is; en
- enquiries@ccaf.co.za - vir alle ander CCAF-vrae en navrae.

Indien ’n belegger of enige ander persoon ’n e-pos na die verkeerde adres stuur, kan dit daartoe lei dat die e-pos nie die nodige of spoedige aandag ontvang nie.

Indien u nie verdere e-posse wil ontvang nie, stel ons asseblief skriftelik daarvan in kennis.

**BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES**

Die algemene en herhalende terme, voorwaardes en ander algemene inligting wat voorheen in die Nuusbrief vervat is, is beskikbaar op die HSAG se webwerf by www.hsaction.co.za.

**Vriendelike groete**

**HSAG-Bestuurskomitee**

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com

*AFRIKAANS HIERBO*

**HSAG NEWSFLASH AUGUST 2026.7**

**WHAT CAN THE SPRINGBOKS TEACH US ABOUT THE HSAG?**

Dear HSAG Member

**INTRODUCTION**

Over the past two weeks, South Africans have witnessed something remarkable.

One week brought the disappointment of defeat. Shortly afterwards, the same Springboks, the same green and gold and largely the same players produced a very different result.

What changed?

Not the objective. Not the team’s history. Nor the enormous pressure upon them.

What changed was what happened at the critical moment: adjustment, cooperation, execution and a team pulling together when it mattered.

Litigation is, of course, not rugby.

But there is an important lesson for the HSAG.

We too have reached a critical point where it is no longer enough merely to ask how far we have already come.

The question is: what do we now do with the opportunity before us?

**THE MATCH IS NOT OVER**

The HSAG has already obtained provisional liquidation orders against Orthotouch and Zephan.

That is important, but it is not the final whistle.

The next objective is to take the process towards finality and, if final liquidation orders are granted, open the way for independent liquidators to administer and investigate the companies’ affairs under the statutory process.

This may include investigations into books, records, transactions, assets, claims and potential recoveries.

No responsible legal team can guarantee what will ultimately be recovered.

But a team approaching the try line does not stop playing because the final result cannot yet be guaranteed.

That is precisely when execution matters.

## MOMENTUM CAN CHANGE QUICKLY

The Springboks demonstrated something else: momentum is not permanent.

It can be lost. It can also be regained.

The same applies to long-running litigation.

Every further postponement, application and procedural obstacle costs time, money and energy. As matters drag on, documents, evidence and potential recoveries may also become increasingly difficult to trace.

That is why success at this stage matters.

Not because one court order will solve everything, but because every meaningful result moves the HSAG closer to the stage where proper investigation and potential recovery can take place.

## DOES ONE PLAYER MAKE A DIFFERENCE?

Absolutely.

Rugby is won by a team, but every player must take his position.

The same principle applies to the HSAG.

It is easy for one member among thousands to think: “Surely my contribution cannot make a difference.”

But consider this:

If one member pays seven years of outstanding annual levies, that single payment already makes a meaningful difference.

If ten do so, the effect increases.

If one hundred do so, the picture changes dramatically.

That is the economy of scale upon which group litigation depends.

Few individuals could afford litigation of this magnitude alone. Together, however, thousands of people can support a legal process that would simply be beyond the reach of the individual.

## THE HSAG “TEAM”

Not every HSAG member has the same investment, financial capacity or personal circumstances.

Cooperation therefore does not mean that everyone must do exactly the same thing.

It means that everyone who wishes to remain part of the team does his or her reasonable part.

The legal team must prepare and argue.

Management must make difficult decisions.

The administration must function.

And the supporting members make all of this possible.

No single part can replace another.

**CLOSING THOUGHT**

The Springboks' recent turnaround reminds us of something easily forgotten when a struggle has continued for a long time:

Yesterday's setback does not necessarily determine tomorrow's result.

But tomorrow's result does not happen by itself either.

It requires preparation, support, execution and people willing to stand together when the pressure is greatest.

The HSAG now stands at such a moment.

We have already come a long way. But the match is not over.

And when the try line is getting closer, a team needs every player.

Every member makes a difference.

Every contribution strengthens the team.

Our strength remains in our unity.

**HSAG NEWSFLASH AUGUST 2026.8**

**THE CUT-OFF DATE: IS THE WRITING ON THE WALL?**

Dear HSAG Member

**INTRODUCTION**

The expression "the writing is on the wall" has an interesting double meaning for the HSAG at this critical stage.

On the one hand, every member must answer a personal question: do I still want to be part of the group walking the road ahead together?

On the other hand, Orthotouch and Zephan are already subject to provisional liquidation orders. For those opposing final liquidation, the writing may therefore also be on the wall.

The forthcoming cut-off date will help determine how strongly the HSAG can undertake the next phase.

The final answer will only become clear once the cut-off period has ended.

One principle, however, is beyond dispute: economies of scale work.

**THE WRITING FOR THE HSAG MEMBER**

The cut-off date is not merely an administrative date or accounting exercise.

It concerns who intends to continue into the next phase.

The HSAG must know the true size of its support base, what resources are available and what future commitments can responsibly be undertaken.

For members who decide not to regularise their position or continue participating, the cut-off date may therefore represent a real turning point.

This is not intended as a threat. It is the practical reality of collective litigation: at some stage the process must proceed on behalf of, and with the support of, the group actually carrying it.

**THE WRITING FOR OUR OPPONENTS**

But there is a second meaning.

After years of litigation, Orthotouch and Zephan no longer merely face the possibility of liquidation. Provisional liquidation orders have already been granted.

The next important question is whether those orders will be made final.

If final orders are granted, the process can move towards the statutory administration and investigation of the companies' affairs by independent liquidators.

This may include investigation of books, records, transactions, assets, claims and potential recoveries.

That is why this stage matters to both sides.

For the HSAG, it represents an opportunity to move forward.

For those opposing final liquidation, it may represent a decisive turning point.

**THE POWER OF NUMBERS**

Complex litigation at this level is expensive.

Counsel, attorneys, court papers, research, preparation, travel and court appearances involve substantial costs.

Few individual investors could afford it alone. For the overwhelming majority, it would simply not be economically feasible.

Where a large group pursues a common interest and shares the costs, however, the economics change dramatically.

That is the essence of the HSAG model.

Not that litigation is inexpensive, but that economies of scale can make its cost manageable.

**ONE PRACTICAL EXAMPLE**

The current court proceedings illustrate this vividly.

The Court has directed that the parties attend the proceedings in person in Bloemfontein.

Airfare and accommodation costs alone for the necessary attendance are approximately equivalent to seven years of the ordinary levies of a single HSAG member.

One necessary event can therefore generate expenses representing years of one member's ordinary contributions.

Conversely, if one member settles seven years of outstanding annual levies, even that single payment already makes a meaningful difference.

When tens or hundreds do the same, the strength of the group becomes apparent.

**THE OTHER SIDE OF SCALE**

Economies of scale unfortunately also operate in reverse.

The smaller the group of supporting members becomes, the greater the potential burden on those who remain.

Litigation does not necessarily become cheaper because fewer people contribute.

That is why the cut-off date is a double-edged sword.

It provides clarity about who continues, but simultaneously determines the strength of the group with which the next phase can be undertaken.

**CLOSING THOUGHT**

Is the writing on the wall?

Perhaps that is the wrong question.

The better question is: for whom?

For members, this is a time to decide whether they wish to remain part of the group undertaking the next phase.

For Orthotouch and Zephan, the legal position is equally significant: provisional liquidation orders already exist and the question of finality lies ahead.

The two paths now meet at a critical point.

The HSAG must be strong enough properly to use the opportunity for which its members have worked and contributed for so long.

The larger the group standing together, the further each individual contribution can go.

The writing may be on the wall.

But what is written next is what matters now.

Our strength remains in our unity.

**IMPORTANT: USE THE CORRECT ACCOUNT NUMBERS AND REFERENCES**

Requisitions must be paid by members into the correct accounts, with the correct reference number clearly indicated. The time, effort, and administration required by the HSAG's legal team to trace and correct incorrectly allocated payments unnecessarily increase the cost of the HSAG matter.

Account numbers and references are reflected on every statement. Members are therefore requested to check their statements carefully when making payments.

**IMPORTANT: USE THE CORRECT EMAIL ADDRESSES**

The correct use of email addresses, as set out on our website and in our correspondence, as well as the inclusion of HSAG members' initials and surnames, syndication numbers, and applicable reference numbers, such as identity numbers, is essential for all communications.

Failure to use the correct details may result in unnecessary delays and may cause an enquiry not to receive prompt or proper attention.

The official and current email addresses for the HSAG are:

- **hsactiongroup@gmail.com** - for all general enquiries, for example changes to contact details, proof of payments, the death of a member, payments incorrectly made to the HSAG, and incorrect references;

- **hsagenquiries@gmail.com** - for specific enquiries, for example requests for information or statements relating to a specific member, as well as exemption enquiries;

- **hsagregister@gmail.com** - for the registration and deregistration of HSAG members;

- **hsagwhistle@gmail.com** - for all confidential information that you wish to submit anonymously; and

- hsagestates@gmail.com - for all estate-related enquiries.

The official and current email addresses for CCAF, the HS21 and HS22 Certified Class Action, are:

- accounts@ccaf.co.za - for proof of payments and incorrect references on proof of payments;
- admin@ccaf.co.za - for the official request form to pay registration fees over six months and for payments incorrectly made to CCAF; and
- enquiries@ccaf.co.za - for all other CCAF questions and enquiries.

If an investor or any other person sends an email to the incorrect address, this may result in the email not receiving the necessary or prompt attention.

If you no longer wish to receive further emails, please notify us in writing.

**IMPORTANT GENERAL TERMS AND CONDITIONS**

The general and recurring terms, conditions, and other general information previously contained in the Newsletter are available on the HSAG website at www.hsaction.co.za.

**Kind regards**

**HSAG Management Committee**

Contact the HSAG and attorneys at:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com